Verwysing: 20200117-3185
Leerno: 12/2/10/5
Navrae: Sien tabel hieronder

Navorsingsminuut: 0001/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en onafhanklike skole en Voorsitters van beheerliggame

Onderwerp: Vrystelling van die uitslae van die 2019 WKOD sistemiese toetse vir graad 3, 6 en 9

1. In Oktober 2019 het die Wes-Kaap Onderwysdepartement sistemiese toetse vir graad 3, 6, en 9 in Wiskunde en Taal afgeneem.

2. Die uitslae sal vanaf 31 Januarie 2020 op SOBIS beskikbaar wees. Skole word aangemoedig om hul uitslae so gou as moontlik na te gaan om dit by hul skoolverbeteringsplanne te inkorporeer.

3. Die verslae aan skole verskaf die slaagsyfers en gemiddelde punte vir elke skool, sowel as 'n aanduiding van prestasie op spesifieke gebiede van taal en wiskunde.

4. Dit sluit ook diagnostiese verslae in wat insig in leerderprestasie volgens die voorgeskrewe assesseringstandaarde bied.

5. Die skoolverslae en die diagnostiese verslae is op SOBIS beskikbaar en kan soos volg verkry word:

    - Kies "Assessment and Exams" op die kieslys en dan "Systemic Test Results 2019". Op die aftreklys, kies een van die volgende:
        - Vir graad 3, kies "Grade 3 Results 2019". Kies een van die volgende op die aftreklys: "School Report", "Mathematics Diagnostic Report" of "Language Diagnostic Report".
        - Vir graad 6, kies "Grade 6 Results 2019". Kies een van die volgende op die aftreklys: "School Report", "Mathematics Diagnostic Report" of "Language Diagnostic Report".
        - Vir graad 9, kies "Grade 9 Results 2019". Kies een van die volgende op die aftreklys: "School Report", "Mathematics Diagnostic Report" of "Language Diagnostic Report".

Die afgelaaide inligting behoort op die skerm te verskyn.

- Indien die inligting nie verskyn nie, gaan na die kieslysbalk boaan en kies "Tools". Kies dan "Pop-up Blocker", kies "Turn-off Pop-up Blocker" en klik.
- Wanneer dit gedoen is, kies een van die grade om die uitslae te besigtig.

6. Vir enige navrae oor die inhoud van hierdie minuut, kontak asseblief die amptenaar wat, volgens die tabel hieronder, vir u distrik verantwoordelik is:

Kontakpersoon	**Onderwysdistrik**
Dr. Audrey Wyngaard, tel. 021 467 9272 Audrey.Wyngaard@westerncape.gov.za	Kaapse Wynland
	Metro-Oos
	Overberg
Dr. Nomawabo Makapela, tel. 021 467 9297 Nomawabo.Makapelao@westerncape.gov.za	Metro-Noord
	Eden & Sentrale Karoo
Mnr. Vumile Nyalashe, tel. 021 467 9350 Vumile.Nyalashe@westerncape.gov.za	Metro-Sentraal
	Metro-Suid
	Weskus
	Onafhanklike skole

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-01-29